GEMEENSKAPSONTWIKKELING VIR BOERE EN PLAASARBEIDERS – **EEN WAT WERK**

Sal dit nie lekker wees om iets te hê om jou plaasarbeiders en hulle familielede se koppe te swaai van "ek het niks"" na "ek het soveel bates dat ek ekonomies onafhanklik kan raak"? Dit sal baie minder finansiële en emosionele druk op boere plaas. Vir menige boere is die plaasarbeidergemeenskap 'n uitdaging. Hulle maak *of* van trekarbeid gebruik *òf* daar is nie werk vir al die familielede op die plaas nie, maar hulle kyk steeds hoopvol na die boere vir 'n uitweg. Met die sluimerende loonverhogings raak hierdie realiteit al hoe groter en sterker in Suid-Afrika. Ons het 'n oplossing – ABCD. Asset Based Community Development.

GEMEENSKAPSONTWIKKELING

ABCD is 'n 5-dag kursus wat mense help om te besef waaroor hulle alles beskik en hoe dit prakties en ekonomies aangewend kan word.

Dit is om die trekarbeider te help om steeds 'n inkomste te genereer, al is daar nie altyd 'n inkomste via boerdery werk nie.

Dit is om die familielede van die plaasarbeider te help om te weet hoe om geld te verdien, eerder as net by die huis te sit.

Dit is die spreekwoordelike "Hoe" jy mense leer om hul eie vis te vang en nie net vis van andere te ontvang nie.



BOERE SE VROUE MET 'N ♥ VIR GEMEENSKAPSONTWIKKELING

Waarom moet die boer se vrou die werkswinkel bywoon?

- Leer die ABCD metodologie wat in enige aspek van die samelewing en huishouding aangepas kan word.
- Tree as mentors op vir die deelnemers van die werkswinkel, help met idees en kan besigheidsleiding voorsien.
- Kan hulle eie werkswinkels begin aanbied.
- Die werkswinkel bied kreatiewe idees vir lewens- en ekonomiese oplossings.
- Onwikkel kreatiewe idee oplossings
- Begin eie klein besigheid.
- Open kommunikasiekanale tussen:
  - plaasarbeiders,
  - hulle families,
  - die boeregemeenskap,
  - die groter gemeenskap.

HOE BAAT BOERE HIERBY?

1. Plaasarbeiders en hulle familielede kry die geleentheid om 'n ekstra bron van inkomste te genereer via geïdentifiseerde bates.

2. Deurdat plaasarbeiders ekonomies onafhanklik raak en nie net van die boer afhanklik is vir 'n inkomste nie, is daar minder onrus, vandalisme en ekstra kostes om skade te herstel.

3. Sou boere plaasarbeiders moet aflê weens die moontlike loonverhogings, kan hulle gerus wees dat die werkers toegerus sal wees met kennis en moontlikhede om 'n nuwe inkomste te skep.

4. Verhoogde kommunikasie tussen die boeregemeenskappe en die plaasarbeiders. Dit is 'n risiko-voorkomings kommunikasiekanaal.

5. Dit plaas minder finansiële druk op die boere op die langtermyn om plaasarbeiders by te staan met gemeenskapsontwikkeling.

6. Hoe meer gemeenskapslede ekonomies onafhanklik is, hoe minder is die onnodige en onredelike druk op die boere om mense in diens te neem.

PLAASARBEIDERS SE FAMILIES

Waarom moet die plaasarbeiders se families die werkswinkel bywoon?

- Hulle leer om die bates te identifiseer.
- Kan eie klein besighede begin.
- Koppe skuif van ek het niks en iemand ander moet voorsien **na** ek het genoeg om vir myself en my familie te sorg.
- Leer hoe hulle eie begrotings lyk.
- Aksieplan vir hulle idee aan die einde van die werkswinkel.
- Dit is bewys dat hulle positiwiteit 'n rimpel effek het op al die ander mense in daardie omgewing.

GROTER PRENTJIE

ABCD het 'n positiewe invloed op die boere en hulle plaasarbeiders;

dit het 'n positiewe ekonomiese invloed op die naburige dorpe en plase, informele gemeenskappe en kleinskaalse boere.

Dus 'n wen-wen vir almal want ALMAL groei en bou nou aan die ekonomie en nie net die boere nie.

ONS HELP GRAAG MET DIE PROSES.
KONTAK ONS BY
082 547 5846
CHRISTINE@CBCOMMUNICATION.CO.ZA